




Samewerking Oral Aan die Uitslaan

Die voorstel van die O.B.-leiding dat 'n bondgenootskap wat oopstaan vir alle nasionaalgesinde groepe, gesluit moet word teen gemeenskaplike gevare en vyande, vind tot so'n mate byval in die Afrikaanse volksgeledere dat daar op verskillende plekke reeds plaaslike ooreenkomste aangegaan is ten spyte van die amptelike houding van die H.N.P.-leiding, wat hom teen enige samewerking wat die erkenning van die O.B. inhoud, verset.

Daar is reeds berig van die ooreenkoms wat in Ladismith gesluit is, waar die plaaslike H.N.P.-tak met die O.B.-kommando ooreengekom het om mekaar wedersyds te ondersteun in verband met die hou van hul funksies.

Uit Upington berig komdt. E. A. Nel dat die kommando van Wilgenhoutsdrift 'n groot oplewing openbaar na die onlangse reorganisasie en die instelling van kommando-rade. Die openbaring van 'n begeerte tot samewerking by die plaaslike H.N.P.-tak het gelei tot onderlinge samesprekings wat uitge-loop het op 'n ooreenkoms waarvolgens die twee organisasies sal saamwerk met behoud van identiteit. Daar is gevoel dat oor die groot vraagstukke saamgewerk kan word, en dat die kleinere verskille op waardige wyse erken kan word.

Uit Johannesburg word berig dat op 'n gesamentlike vergadering van die plaaslike H.N.P. of V.P., die O.B. en die Grys-hemde van Benoni-Northmead eenpariglik besluit is om in belang van blank-Suid-Afrika mekaar die broederhand te gee en dat daar 'n besliste einde gemaak moet word aan die verderflike broedertwis van die afgelope tyd.

Daar is besluit tot onderlinge ondersteuning in die gemeenskaplike stryd teen die kommunisme en die tweelingbroers kapitalisme en imperialisme. Elke organisasie behou sy identiteit met volle erkenning, sonder dat met die amptelike beleid van die saamwerkende groepe ingemeng word. Verder staan die deur oop vir alle nasionaalgesinde organisasies om op dieselfde grondslag tot die bondgenootskap toe te tree.

V.S.A. Lê Rekening Van £223 Milj. Voor aan S.A.

Die samesprekings tussen die Unie-afvaardiging en die Amerikaanse regering oor die betaling van die bruikleenskuld aan Amerika het na ses weke van samesprekings nog tot geen beslissing gelei nie. Amerika het nou 'n gespesifiseerde rekening van £223 miljoen aan die Unie gerig vir bruikleengoedere gelewer. Die eerste aanbod van die Unie vir die betaling van 'n totale bedrag van £11 miljoen is deur die Amerikaanse regering verwerp. Die Unie het nou weer 'n aanbod aan die Amerikaanse regering gedoen, maar die bedrag is nog nie bekend nie.

REGERING NET BANG VIR EENHEIDSFRONT

Bespiegelings oor Verkiesing

Die kanse van die verskillende politieke partye om die meerderheid by die volgende verkiesing te behaal, is druk gedurende die afgelope weke in die pers bespreek. Almal is die mening toegedaan dat die regering in 'n besondere sterk posisie verkeer. Uit die opsommings van die toestand blyk dit dat geen enkele party enige hoop het om die regering te verslaan nie, tensy alle nasionaalvoelende groepe aan 'n verenigde front teen die regering veg. Dit is die mening van sowel anti- as regeringsgesinde blaai.

„Dat die Ges. Party se kanse op 'n oorwinning in die a.s. verkiesing niegig is, word onomstootlik bewys by die ontleding van die jongste sensussysfers,” skryf die politieke korrespondent van die Suiderstem. Hy verklaar dat die Nasionale Party nie sal wen nie tensy die onmoontlike gebeur en hulle in staat is om 'n groot aantal stedelike kiesafdelings te verower.

Hy verklaar dat na aanleiding van die jongste sensussysfers daar 'n herafbakening van kiesafdelings sal plaasvind en dat twee-derdes van die volksraadslede na die volgende verkiesing stedelike gebiede sal verteenwoordig.

Die korrespondent skryf voorts dat daar veertig kiesafdelings aan die Rand afgebaken sal word en saam met die ander stedelike kiesafdelings in die land sal daar sowat 81 stedelike kiesafdelings wees waar die H.N.P. 'n taai stryd sal moet voer. „Daar word gehoop,” skryf die korrespondent, „dat Suidwes reeds as vyfde provinsie van die Unie ingelyf sal wees wanneer die algemene verkiesing gehou word.” Hy verklaar dat dit die posisie van die V.P. nog meer sal versterk.

EENHEIDSFRONT NODIG

In dieselfde verband skryf Die Vaderland se politieke korrespondent: „Die jongste sensussysfers word in politieke kringe as van die grootste betekenis beskou met die oog op die aanstaande algemene verkiesing, en veral nasionaalgesinde kringe is van mening dat hierdie syfers meer as enigiets anders die noodsaaklikheid van 'n verenigde nasionale front in die aanstaande verkiesing beklemtoon.” Die korrespondent kom tot dieselfde gevolgtrekking as Die Suiderstem dat daar by die volgende verkiesing 81 stedelike kiesafdelings sal wees. Die nasionaalgesinde anti-regeringstem, so verklaar hierdie blad, sal nie alleen op die platteland maar ook in die stede gekonsolideer moet word as daar enige moontlikheid moet bestaan om die regering by die volgende verkiesing te verslaan.

GROOT TAAK

„As die anti-regeringsgroepe daarin kan slaag om twee kiesafdelings in Natal te verower, beteken dit nog dat hierdie groep aan die Rand en in Pretoria 26 kiesafdelings sal moet wen en al die kiesafdelings op die platteland, voordat hy 'n werkende meerderheid in die Volksraad het.” Onder hierdie

plattelandse kiesafdelings is daar verskeie kiesafdelings wat tot dusver nog altyd oorwegend regeringsgesind was — kiesafdelings soos Bethal, Barberton, Losberg, om slegs drie in Transvaal te noem.”

Die ontleding van die toestand „bring verder aan die lig dat die regering haas onoorwinbaar sal wees tensy daar voor die volgende verkiesing verreikende omwentelings op politieke gebied plaasvind en nasionaalgesinde Suid-Afrika daarin slaag om sy geledere vir honderd persent te konsolideer,” aldus Die Vaderland.


Die blad Trek verklaar ook dat die nuwe afbakening tot voordeel van die Verenigde Party sal wees. „Geen enkele party kan hoop om die Verenigde Party by die aanstaande algemene verkiesing te verslaan nie. Dit word nie openlik deur die Nasionale liste erken nie, hoewel dit die basis van hul huidige bedrywigheid is.”

BANG VIR EENHEID

Nadat Die Suiderstem eers groot gepraat het oor die aanstaande oorwinning van die Verenigde Party, laat hy 'n hoofartikel volg waarin hy die mening uitspreek dat daar wel deeglik rekening gehou moet word met die feit dat „daar 'n nuwe eenheidsfront' tot stand kan kom.”

„Hoewel daar nog gedurig struweling is tussen die O.B.-hoofde, die Nuwe Orde-mense en die Gesuiwerde leiers, en die Afrikaner-party nog op die draad is, kan daar onder die leiding van 'n persoon soos mnr. N. J. Havenga so'n „eenheidsfront” ontstaan. In daardie geval kan die vooruitsigte vir die Gesuiwerde Party, of althans vir die „eenheidsfront” aansienlik verbeter word as wat die kanse van die Malan-party vandag is...”, aldus die blad wat afsluit met die volgende waarskuwing: „Afgesien derhalve van die skrale kanse wat die Gesuiwerde Party staan om 40 ekstra setels te verower, moet daar dus rekening gehou word met hierdie moontlikheid en sal geen Smelter dit kan bekostig om op die louere van die Verenigde Party te rus nie.”

Terug uit Slawerny



In Rusland word na skatting nog etlike miljoene Duitse krygsgevangenes as slawe aangehou. Op die foto is die eerste groep van 1200 Duitsers te sien wat onlangs na hul vaderland teruggestuur is. Volgens een korrespondent het hulle hoofsaaklik bestaan uit siekkies, en een treinvrag het selfs glo net uit krank-sinniges bestaan.

„Verhoor” Afgehandel

Die verhoor van die 31 Duitse leiers is verlede Saterdag in Neurenberg beëindig. Dit was die langste verhoor in die geskiedenis en het 227 sittingsdae geduur. Die uitspraak, wat deur sommige korrespondente al by voorbaat aangekondig is, sal op 23 September gegee word.

Die leiers is Saterdag toegelaat om elk vir tien minute 'n laaste woord te spreek. Herman Göring het op die teenstrydigheid gewys dat getuienis wat die aanklagte gestaaf het, aanvaar is, maar sodra dit nie ooreengestem het met die aanklag nie, is dieselfde getuienis as meined beskou. Hy het voorts gesê dat wat Duitsland in die besette lande gedoen het, nie vergelyk kan word met wat die oorwinnaars vandag in Duitsland doen nie. Nywerhede word gestroop en ander bate word na ander lande weggeëem.

Rudolf Hess het gesê dat hy hly is om te weet dat hy sy plig teenoor sy vaderland en as nasionaal-sosialis gedoen het. „Eendag sal ek voor die reg-

bank van die Almagtige verskyn — teenoor Hom sal ek verantwoordelik wees, en ek weet dat Hy my onskuldig sal verklaar. Ek is oor niks spyt nie.”

NOGMAALS IMMIGRASIE. — Gedurende die loop van die maand sal drie komitees na Europa vertrek wat hulle sal beywer vir die keur van immigrante. Hulle sal hul hoofkwartiere in Brittanje, Holland en Italië hê. Die oëmerk is om met die eerste veldtog sowat 50,000 immigrante uit Engeland, Skotland, Wallis, Swede, Holland, België, Frankryk, Italië en Griekeland vir Suid-Afrika te werf.

Gelukkig

Ek is gelukkig om die dienste van mnr. Fred. Fobian, vroeër van Hepworths, as snyer in te win. Hy is vasberade om sy Nuwe Firma die MEKKA van GOEIE KLERE te maak.

KOTZE

Adderleystraat 134

KAAPSTAD

Unie-Duitser Gee Antwoord Op Deportasie-Vrae

Alle vraelyste wat deur die Deportasie-kommissie aan die Duitsers gestuur is, wat in aanmerking kom vir deportasie na Duitsland is reeds in die hande van die kommissie wat nou op grond van twintig vrae moet oordeel of 'n man uit die land gestuur moet word of nie.

Onderstaande uittreksels van antwoorde is geneem uit die brief van 'n Duitser wat gedurende die oorlog geïnterneer was, maar nie 'n vraelys ontvang het nie. Uit simpatie met sy bloedgenote het hy die vraelys op openhartige wyse beantwoord en aan die kommissie gestuur.

Hy het verklaar dat hy dit op homself geneem het om die vrae openhartig te beantwoord „soos dit 'n nominale Britse onderdaan wat 47 jaar oud is, tref . . . Ek is Duits gebore en opgevoed en as sodanig kan ek die reg eis om as een behandel te word.”

Op die vraag of hy hom, terwyl hy Unieburger was, as 'n Duitser wat trou teenoor die Derde Duitse Ryk verskuldig is, beskou het, lui die antwoord: „Ek het, in ooreenstemming met die aanvaarde beginsel van alle Engelssprekende Afrikaers om Engeland as die land van hul oorsprong te beskou, d.w.s. deur bande van bloed.”

Op die vraag: Het u ooit gedurende die oorlog die wens uitgespreek dat Duitsland die oorlog moet wen? antwoord hy: „Omdat ek van Duitse bloed en

oortuiging is, definitief ja.”

Het u terwyl u Unie-burger was u vir militêre diens in Duitsland laat registreer? „Ek het nie, tot my spyt.”

GEWIGTIGER

Het u die Unie-owerheid versoek om die Duitse regering van u internering in kennis te stel? „Nee, die Duitse regering het gewigtiger probleme gehad om oor te besluit as oor die lyding van 'n enkeling wat 'n slagoffer was van die Britse interneringsbeleid.”

Het u Nazi-liedere gesing? „Het Duitse liedere gesing. As u verkies dat ek die beledigende terme van u vraelys gebruik, stem ek in dat dit Nazi-liedere is.”


Is u bereid om te alle tye die soewereiniteit van die Unie sowel as Suidwes-Afrika te handhaaf? — „Ten alle tye, op voorwaarde dat hierdie soewereiniteit nie geskend word soos gedurende die periode 1914—1946 vir die voordeel van 'n vreemde moondheid nie; maar in diens gestel word van die land en volk as geheel wat dit as hul geboortereg kan eis.”

Geslaagde Laertrek

Vanaf 4 — 8 Julie laaslede het generaalskap F9 'n goed-geslaagde laertrek gehou op die plaas Waterkloof, distrik Zee-rust.

Dit was die eerste poging van F9 om so in gemengde laer (man, vrou en kind) byeen te kom; en generaal M. S. F. Grobler voel tevrede met die mooi begin en die entoesiasiese deelname bewys deur sowat 106 offisiere en brandwagte.

Genl. M. M. Smith, organiserende stafhoof van Gebieds-



Genl. M. S. F. Grobler

kwartier F. het die verrigtinge van die begin af bygewoon en die generaalskap waardeur sy hulp in besonder.

Die program was vol en leerzaam. Dis uitgevoer soos vooraf beplan en het voorligting, praktiese dissipline, toesprake en lesings oor aktuele volksvraagstukke wat nog heelwat ander bykomende gesellige nommers bevat. Die atmosfeer was uitstekend, gees en gesindheid reg vanuit die staanspoor. Saterdagmiddag is 'n besielende hoogtepunt bereik om die kampvuur. Hiertoë het heelwat bygedra die ossewaens, perdewaens, karre en perderuiters, die tentegoes en gesellige onderlinge familietoone. Daar was o.a. aanskoulike fakkellertoon deur perderuiters en lede van die Boerejeug, die Laerkoor het liedere gesing, oudstryders het om die kampvuur van hulle persoonlike oorlogservarings vertel, ens.

Die dissipline van die laer was goed en daar word gehoop dat volgende keer nog veel groter sukses behaal sal word, dat ook die Boerejeugseuns en Wag nog baie sterker verteenwoordig sal wees.

Gebiedskwartier wens F9 onder leiding van hoofgenl. M. S. F. Grobler geluk met hierdie gelukkige „eerste poging”.

Britte Wil Poolse Soldate Nie Hê: Moontlik Na S.A.

As gevolg van die protes wat daar van die Britse publiek uitgaan teen die aanwesigheid van die Poolse soldate in Engeland en die feit dat Engeland nie weet wat om met hierdie ongewenste immigrante wat nie na Pole wil terugkeer nie, te maak, sal 'n groot aantal van die Poolse soldate deel uitmaak van die immigrante wat die regering van plan is om na Suid-Afrika in te voer. Dit geskied op versoek van die Britse regering.

In Engeland vind daar tans protesvergaderings plaas teen die aanwesigheid van die 50,000 Poolse soldate wat weens hul wangedrag ongewens geraak het. Baie min van hierdie Pole was bereid om na hulle vaderland terug te gaan omdat hulle die kommunistiese oorheersing in Pole vrees. Suid-Afrika is dus die aangewese toekomstige vaderland vir hulle.

WANGEDRAG

Hierdie soldate het hul skandale in Engeland gedra. So verklaar die Britse blad, The Vanguard: „Ons het baie min simpatie met die Pole. Hulle verblyf in Skotland het getoon wat hulle is. Synde Rooms-Katolieke, het hulle duidelik getoon dat 'n Rooms-Katoliek orals dieselfde is. Die Pole het hulle meer wangedra as goed gedurende die tyd wat hulle in Skotland vertoef het. (Daar is natuurlik uitsonderings, en die Amerikaners het hulle net so

krimineel bewys as die Pole). Duisende jong Protestantse vroue is verlei en baie ly vandag as gevolg daarvan. Baie van die wat getroud is, mag as hulle na Pole gaan, uitvind dat die Poolse reg nie hulle huwelike erken nie. Die Pole in Skotland het geroof en ons wette verbreek,” aldus die blad.

IN GEBREKE

Die oorlog het ontstaan omdat Engeland Pole opgestook het om die Duitse eise te verwerp. Eersgenoemde het belowe dat indien Pole aangeval word, hy Pole met sy eie liggaam sal beskerm. Hy het jammerlik in gebreke gebly om sy belofte na te kom. Die Pole het geen vaderland meer nie, en Engeland wat belowe het om die onafhanklikheid van Pole te waarborg, is nie in staat om die Pole te beweeg om na hul vaderland terug te keer nie, en nou wil hy sy verpligting op die gewillige hande van genl. Smuts afskuif.

Haataanblasing Voor 'n Hospitaal

Kommunistiese agitators in Kaapstad is besig om die nie-blanke bevolking in die stad op te sweep en aan te spoor tot geweldpleging van allerlei aard teenoor blankes. Dit het onlangs weer tot uiting gekom toe nie-blankes sonder enige aanleiding deur vooraf georganiseerde optrede, blankes uit die busse wat diens tussen Kaapstad en die Groote Schuur-hospitaal doen, geweer het.

'n Groot aantal nie-blankes het net na besoek-ure die Sondag by die bus-terminus voor die hospitaal vergader. Toe die eerste bus stilhou en blankes nader beweeg, het daar met eens 'n uitroep van: „Sorg dat die bl . . . boere nie ingaan nie”, uit die kleurling-geledere weerklink. Die meeste blankes het, om moeilikheid te voorkom, en omdat hulle in die minderheid was, maar afgestap na die hoofweg waar meer busse verbygaan.

Die eerste bus het vertrek sonder een blanke passasier. 'n Groepie van sewe blankes waaronder een man, drie vroue en 'n aantal kinders, het besluit om maar vir die volgende bus te wag. Dit het hulle geluk om voor aan die tou te lande te kom. Toe die tweede bus stilhou, het dieselfde bevel weerklink en nie-blanke vroue het die blankes vasgehou, sodat hulle nie in die bus kon kom nie. 'n Uitroep van „Bl . . . Boer, varke, nou sal ons ons regte vat wat julle ons nie wil gee nie”, het weerklink. Nadat die man homself en sy vrou kon ontset, het hulle in die bus gekom. In die bus het die meide die blanke man toegetakel, sy gesig stukkend gekrap, hul vingers al vloekende in sy oë gesteek en hom van sy beursie waarin meer as £2 was, beroof.

Die blankes het van die kondukteur geëis dat die bus nie moet vertrek aler die polisie opdaag nie. Hy het geweier.

Hierdie voorval beklemtoon opnuut die dringende noodsaaklikheid van optrede teen die Kommuniste en 'n aparte busdiens vir blankes sowel as nie-blankes in Kaapstad.

„BOOM” IN NYWERHEDE.

— Gedurende die afgelope agt jaar het die kruto-waarde van die opbrengs van die Suid-Afrikaanse nywerheide van £150 miljoen tot £330 miljoen toegeneem. Dit is 'n persentasievermeerdering van 120 persent. Die aantal werknemers in die nywerheidswêreld het met ongeveer 150,000 toegeneem, terwyl die lone wat aan hulle betaal is met £43 miljoen gestyg het.

HOLM AANGEKLA VAN VERRAAD.

— Eric Holm het verlede week in Pretoria in die hof verskyn op aanklag van verraad. Die saak is uitgestel tot 10 September en geen getuïenis is afgelê nie. Holm is per vliegtuig na die Unie gebring.

Twee Afrikaners, A. J. Strauss en Pienaar, wat tydens die oorlog in Duitsland studeer het, is ook aangekla.

SPOORWEGTARIEWE EN INFLASIE.

— Vanaf 1 September is die spoorwegtariewe, reisgelde uitgesonderd, met tien persent verhoog, volgens 'n aankondiging van die Minister van Vervoer. Dit word as nodig beskou omdat die spoorweguitgawe vermeerder het. Sakehui in Suid-Afrika het die mening uitgespreek dat die verhoogde spoorwag slegs hoër lewenskoste en inflasie in die hand sal werk.

Partye Wou Verlede Jaar „Pakt” Vorm

Na aanleiding van die onlangse gerug dat daar 'n moontlike „pakt” tussen die H.N.P. en die Arbeiders in die vooruitsig is, skryf die politieke korrespondent van Die Weekblad, orgaan van die Arbeidersparty, dat daar geen sodanige ooreenkoms beoog word nie.

„Nogtans is die tyd geleë om die feit — wat nog nie deur die pers bekend gemaak is nie — dat so 'n ooreenkoms agtien maande gelede byna tot stand gekom het, te openbaar. Ek is nou in die posisie om aan die lig te bring dat gedurende die 1945 - sitting samesprekings plaasgevind het tussen mnr. M. J. van der Berg, L.V. vir Krugersdorp en verskeie lede van die H.N.P.”

„'n Ooreenkoms vir die 1948 verkiesing is deur hulle bespreek en 'n gesamentlike manifesto is deur hulle be-

plan. Die berekening was dat die Arbeidersparty omtrent 30 setels sou verower.”

Nadat die saak aan albei partye voorgelê is, wou dit nie vlot nie, maar op een stadium was die H.N.P. bereid om tot 'n ooreenkoms te geraak, verklaar die blad.

('n Engelse blad het onlangs berig dat daar samesprekings tussen die H.N.P. en die Arbeiders plaasgevind het waarin eersgenoemde sou onderneem het om minder anti-Joods te wees met die oog op die Joodse leiers in die Arbeidersparty).

ONTHOU

VLINDERTJIE GEWOND

DEUR

WENA NAUDE-GESELSKAP

HOFMEYRSAAL - - KAAPSTAD

Woensdag 4 Sept. - - Donderdag 5 Sept.

Vrydag 6 September - Saterdag 7 September

Bespreek by: UNIEWINKELS, Aderleystraat 37, Foon 2-6448

O.B.-Dagfunksies

Dullstroom

Weens die uitgestrektheid van die kommando het Dullstroom vanjaar weer twee O.B.-funksies in twee verskillende wyke gehou. Een op 5 Aug., en een op 10 Aug. Nietenstaande die feit dat 'n groot aantal van die Brandwagte afwesig was in die wintersvelde, het die kommando weer daarin geslaag om laaste jaar se kerf te bereik. Die geesdrif vlam nog hoog — 'n feit wat deur ons vyande baie berug word. Ons wil hiermee ook ons waardering uitspreek vir die ondersteuning wat ons ontvang het van 'n klompie Brandwagte van die Roossenekal-kommando, en ook van vriende wat nie aan die O.B. behoort nie. Die O.B.-gees is baie aansteeklik onder verstandigdenkende mede-Afrikaners. — (Korr.)

MERWEVILLE

Op 10 Augustus het Merweville se Kommando hul funksie op die plaas van Komdt. Koos Theron gehou. Hoewel dit 'n kouse wintersdag was, het dit geen uitwerking op O.B.-geesdrif gehad nie. Vroeg die oggend reeds het motor-karre van alle rigtings gekom. Die verrigtings is geopen met gebed deur ds. Brink van Sutherland, waarna hoofkomdt. Brink 'n kort maar kragtige toespraak gehou het. Hierna was skyfskiet en ander vermaaklikhede aan die orde. Wat spesiale lof verdien was die middagete wat kommandante Theron aan al die aanwesiges verskaf het.

As in aanmerking geneem word dat Merweville onder die haglikste droogtetoestande ly, dan word hierdie funksie as een van die suksesvolste beskou, aangesien oor die £31 ingesamel is, met 'n paar lyste nog uitstaande. Baie boere verkeer op die trekpaai, dog nietenstaande dit, was byna twee-derdes van die kommando teenwoordig.

LINDLEY

Gedurende die middag van 9 Augustus het Lindley 'n puik O.B.-dagfunksie gehou. Die verrigtinge is met gebed geopen deur die 81-jarige oom Dirk Coetzee. Braaivleis, verversings, naaldwerk en pannekoek, gebak van bokwielmeel, is verkoop.

Groot Geesdrif Op Clanwilliam

Die manne- en vroue-kommando op Clanwilliam het vanjaar weer met ontombare geesdrif te voorskyn gekom, toe hulle op Saterdag, 24 Augustus, 'n geslaagde O.B.-dagfunksie onder leiding van komdt. A.



Genl. Barry Lubbe

Mouton en komdt. G. D. du Plessis op Seekoeivlei gehou het. Die basaar alleen het die pragtige bedrag van £150 ingebring, en tesame met ander gelde wat nog moet inkom, word die totale opbrengs op niks minder nie as £200 gestel. Die generaal van die afdeling, genl. Barry Lubbe, was ook teenwoordig. Met die opveiling van goedere is buitengewone geesdrif aan die dag gelê en 'n geslagte skaap het soveel as £26 ingebring. Byna voor die voet is goedere wat teen 'n hoë bod toegeslaan is, weer teruggegee en 'n ham by voorbeeld moes tot sewe maal opgeveil word.

TZITZIKAMMA

Die Brandwagte van Tzitzikamma het O.B.-dag op 10 Augustus aan die woning van komdt. O. J. Terblanche gevier. By hierdie geleentheid was gebiedsgenl. Botha aanwesig. Weens die geweldige reën kon baie van die lede nie teenwoordig wees nie. Dit kon egter nie die geesdrif van die aanwesiges demp nie.

In 'n kort toespraak het genl. Botha die beleid van die Ossewabrandwag verduidelik. Die funksie het die mooi bedrag van meer as £28 opgelewer. — (Korr.)

BOSVELD

Die Bosveld-kommando gaan Fondsdag op 12 September by die woning van mnr. Jansen van Rensburg, Colinton, vier myl van Alldays, vier. Die kommandant-genl., dr. Hans van Rensburg, sal dan teenwoordig wees.

Die reorganisasie van F1A2 en F1A7 is nog aan die gang. Die nuwe kommandant van hierdie afdeling is mnr. J. Steyn van Wentworth. Hy is benoem in die plek van komdt. J. Meintjies wat weens die gesondheid van sy eggenote nie meer die taak kon volvoer nie. Die kommando's moet die dood van velk. Nicolaas Oosthuizen en brandwag Van der Merwe betreur. Hulle afsterwe is 'n gevoelige verlies vir die Beweging. — (Korr.)

NEURENBERG - HOFUIT - SPRAAK. — Die vonnisse van die Duitse leiers wat sedert verlede September in Neurenberg verhoor word, sal op 23 Sept. bekend gemaak word. Daar word nou reëlins getref om die Duitse oorlogsnwyers en ander „minder belangrike oorlogsmisdadigers“ ook te verhoor. Hierdie hof sal nie internasionaal wees nie.

Geesdrif Brand In Oos-Kaapland

Generaal P. J. Botha, leier van Gebied B, doen verslag van 'n vasberade O.B.-gees in Oos-Kaapland. Na 'n uitgebreide reis in die Noord-oostelike dele van Gebied B.

Vir O.B.-dagfunksies was genl. Botha in Humansdorp en omstreke waar skitterende byeenkomste gehou is, en goeie bedrae vir die O.B. ge-in is.

Op 7 Augustus het Jeffreys Baai se kommando's 'n funksie gehou op Fontein, waar die bekwame leiding en ywer van hskomdt. Swart nie min daartoe bygedra het om die byeenkoms 'n groot sukses te maak nie.

Op 8 Augustus het genl. Botha eers op Joubertina by komdt. Kritzinger en toe op Louerwater by komdt. D. Rademeyer die dag se funksies bygewoon. Die laaste van die reeks byeenkomste is gehou op Palmietfontein by komdt. O. Terblanche.

Die gees van volharding en selflose opofferings was deurgaans is ooreenstemming met wat van 'n O.B. kan verwag word. Selfs vol riviere en ongunstige weersomstandighede kon nie verhoed dat offisiere en brandwagte op hul plekke was nie. Oor die geldelike ondersteuning kan net gesê word dat waar 'n O.B. gewillig is om soveel as 30/- vir 'n geslagte hoender te betaal dit bewys is van geesdriftige oortuiging.

Weens die vreeslike droogte wat nog heers, is dit goed gedink om die Jaarlikse funksies van Adelaide, Slagtersnek en Somerset-Oos nog 'n rukke uit te stel.

SLAG TEEN DUITSE WETENSKAP

Die vernaamste ekonome van die vier besettingsowerhede het ooreengekom om die Kaiser Wilhelm-vereniging, die beroemde wetenskaplike navorsings-organisasie in Duitsland, te ontbind.


Kragtens die ooreenkoms sal die vereniging ophou om te bestaan hoewel baie van die laboratoria's behoue sal bly vir vredestrydse wetenskaplike navorsing.

In die chemie en natuurkunde maak byna elkeen van die vereniging se navorsingsinrigtings aanspraak op 'n Nobel-pryswenner. Prof. Albert Einstein was een van die voorsitters van die vereniging voordat hy na Amerika vertrek het.

Amerika Begin Terugklap

Publikasies en koerantmanne wat onder beskerming van Rusland staan, sal voortaan uit die Amerikaanse besettingsgebied geweier word in ooreenstemming met die Russiese beleid wat geen Amerikaanse of Engelse publikasies en persvertegenwoordigers in die Russies-besette gebied toelaat nie. Tydskrifte, boeke, ens., wat tans in die Amerikaanse gebied sirkuleer en van Russiese oorsprong is, sal in die ban gedoen word. Rusland het nog nooit enige Amerikaanse koerante in die Russies-besette gebied toegelaat nie.

WAARDE VIR GELD



Goeie Voedsel Vars Lug Ontspanning Rus

—Hierdie Vier Vercistes vir Goeie Gesondheid vind vervulling by

Die B A D

Warmwaterberg

Sonnige Gesondheidsoord van die Klein-Karoo. Aangename Geselskap en die Water wat genees bied verdere Verkwikking vir Liggaam, Siel en Gees.

MODERNE GERIEWE BILLIKE TARIWE

Telefoneer om Akkommodasie:

Warmwaterberg No. 1, of skryf aan:

Bestuurder,
Bad Warmwaterberg,
oor Barrydale, K.P.
5240—4

W. VOIGT (Edms.) Bpk.
Fabrikante van

Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

ATOOMSALF

WONDERMIDDEL vir Aambeie, alle oop sere, omlope en uitslag. Prys: 2 ons, 4/-; 1 ons, 2/3, K.M.B. Rig aan:
Eerw. G. VAN RENSBURG,
Oosthuizenstraat 212
Posbus 14, Warmbad, Transvaal
4876/27

Ons Gee nog Steeds LEIDING

S.A. GRAFSTEEN- EN
MONUMENTWERKE
(Eiens.) BPK.

Voortrekkerweg — MAITLAND

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad

Werda

Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

TE KOOP AANGEBIED:

Goudmyn-Stoetery bied aan Opreggende Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloedlyn geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526

BRING U MOTOR VIR BEDIENING EN REPARASIES

na

Premier Service Station

Barnetstraat 35 KAAPSTAD 5246

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE-KOPER
S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen
die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. Garcia- en Nuwestraat.
Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opperlig 1848
BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EILERS en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

NOU WEER BESIKBAAR

F.A.K.

VOLKSANG-

BUNDEL

14/6 POSVRY

Pro Ecclesia-Boekhandel
Stellenbosch



Genl. H. A. J. du Toit

Nadat die vlaghysingseremonie plaasgevind het, het genls. H. A. J. du Toit, en Vorster en hoofkomdt. F. J. Erasmus, elk 'n toespraak gehou. Meer as £20 is ingesamel. Die Boeredogters het £1 met hulle tafel opgelewer. Dit is veral 'n prestasie omdat hulle almal nog maar baie klein is.

DIE O.B., WOENSDAG, 4 SEPTEMBER 1946

Stemvee van Oorsee

Soos 'n paniekbevangene het die Smutsbewind 'n noodkreet opgehef om 'n onbeperkte toestroming van immigrante. Dat dit nie net by 'n noodkreet gaan bly nie, blyk uit die berig dat daar reeds kommissies benoem is om die immigrante in Engeland en Europa te gaan haal. Die kommissies vertrek glo binnekort per vliegtuig.

Nou het die volk al gewoon geword daaraan dat die regering telkens soos 'n tolboos in beroering kom wanneer daar 'n windjie opstaan, om dan na die eerste paar roispronge vasgedryf te word teen die eerste die beste hindernis in die pad. Dit het so gegaan met bestaansbeveiliging, met behuising en met al die beloftes wat teenoor die soldate gedurende die oorlog gemaak is. In die lig van hierdie feit sou die regering se nuwe onderneming 'n mens nie te pessimisties wil stem nie. Maar dit sal 'n fout wees, want juis die totale onbekwaamheid van die huidige partybewind om iets opbouends tot stand te bring, is 'n waarborg dat Suid-Afrika onherstelbare skade aangedoen gaan word wanneer hy die delikate vraagstuk van immigrasie gaan hanteer. Want by al sy onbekwaamheid was hy darem nog nooit onaktief nie. Toe die oorlog uitgebreek het, was hy bedrywig genoeg in die uitpersing van tienduizende jongmanne uit hul werk na die slagvelde, bedrywig genoeg in die uitvoer van boumateriaal en voedsel, bedrywig genoeg in die aangaan van kolossale oorlogskuld in Amerika. Waar daar af te breke was, het hy geskitter. En wat is makliker om die sluise oop te trek vir die miljoene ontworteldes van Europa wat met begeerte oë op Suid-Afrika tuur? Dit is egter heeltemal 'n ander saak om die regte soort immigrant uit te soek tussen die dwalende massas van Europa, en al sou die Smutsbewind in alle opregtheid in belang van Suid-Afrika so iets wou aanpak, sou ons gewanhoop het aan die resultaat.

VREES AFRIKANERFRONT

Maar selfs hierdie opregte bedoeling ontbreek geheel en al. Die regerende party verkeer inderdaad in paniek. Hy besef dat hy nog net aan bewind kan bly solank die nasionale kragte dwarselik verdeeld staan, en waar die begeerte van die volk tot samewerking by die dag sterker na vore kom, groei die paniek. Genl. Smuts het hulp nodig by die verkiesing. In die plek van die duisende soldate wat hy in die steek gelaat het en wat dus nie weer vir hom sal stem nie, moet hy nou vreemdelinge gaan haal daar oorkant die water waar die naam Smuts nog betowering het. En 'n stem het geen karakter nie. Die stem van die goeie is so goed soos dié van die slegte. En daarom kon genl. Smuts daarop sinspeel dat ons ons hekke gaan oopgooi vir slegtes sowel as goeies — 'n uitlating wat geen vaderlandsliewende staatsman hom sou laat ontval het nie.

En daarom kan die Regeringsorgaan, Die Suiderstem, sy lippe aflek met: „Immigrasie op groot skaal beteken die einde van Malanisme en die Gesuiwerde Party in Suid-Afrika.”

STEMVEE-KRALE

Die volk soek verligting in die versekering dat daar nie genoeg huise vir 'n grootskaalse immigrasie is nie. Ook dit is 'n valse hoop. Om uiting te gee aan sy anti-nasionale strewe het die regering nie teruggedeeins om die vraagstuk van behuising en ondervoeding gedurende die oorlog te vererger met onbeperkte uitvoer van boumateriaal en voedsel nie. Ten einde homself te handhaaf in 'n verkiesing sal hy verder gaan. Hy gaan reeds verder. Daar is aangekondig dat die regering geboue gaan oprig om die tienduizende werklose immigrante te huisves solank hulle nog nie werk het nie. Die duisende eie burgers — onder wie oudsoldate wat aan Smuts-beloftes geglo het — sal dus moet toesien hoe materiaal in plaas van vir woonhuise aangewend gaan word om die stemvee van oorsee in te kraal.

Daar is berig dat die kasernes naby George nie meer gebruik sal word vir die kinderimmigrante wat die regering beoog het nie. Beteken dit dat daar geen kinderimmigrante meer gaan kom nie? Indien wel, sou dit wees omdat die Smutsbewind inderdaad geen volksaanwas soek nie, maar party-aanwas, en dat hy daarvoor nie nog vyftien jaar kan wag om sy stemvee eers groot te maak nie?

DIE VOLK WIL DIT

Die algemene drang by die volk om 'n geslote front te vorm teen gemeenskaplike gevare, word by die dag sterker, soos uit berigte in hierdie uitgawe blyk, waar groepe op verskeie plekke plaaslik ooreengekom het om die stryd te staak en mekaar wederzyds te ondersteun. Die feit dat hierdie ooreenkomste die erkenning van mekaar se selfstandige bestaan aanvaar en die deur oophou vir alle nasionaalgesindes wat wil help, is die praktiese bewys van die aanneemlikheid van die O.B.-leiding se voorstel tot samewerking, want dit is inderdaad die twee hoekstene van die O.B.-voorstel. As plaaslike leiers kans sien om op hierdie grondslag saam te werk, sal dit op die duur vir die H.N.P.-leiding baie moeilik word om so'n grondslag as onmoontlik te verwerp.

Hierdie plaaslike ooreenkomste behoort 'n sterk druk uit te oefen op die onwillige leiers, indien hulle waarlik geloof heg aan die stem van die volk. En hierin lê die belangrikste betekenis van die ooreenkomste, want 'n plaaslike ooreenkoms hier en 'n plaas-

Nou kan ons nog 'n paar trekke van die kapitalisme noem, want daarvan hang ons ondersteuning of teenkanting af.

In die eerste plek is hy internasionaal. Omdat geld al is wat tel, maak dit nie saak hoe of vanwaar die geld gekom het nie. Dit alles is maar middele wat na die geld toe lei. Die geld self verskaf die mag, en nie die oorsprong van die geld nie. Daarom maak dit vir die kapitalis nie saak of hy die geld in 'n Johannesburgse goudmyn of 'n Rhodesiese kopermyn of 'n Kaapstadse fabriek belê het nie. Die kwessie is nie: „Waar is dit belê?” nie, maar: „Wat is die dividende wat dit afwerp?” En goeie dividende uit Indië is beter as slegte dividende uit die Transvaal; en ook is hoë winste op die sweet van die koelies beter as lae winste op die werk van blankes.

Maar is dit dan in belang van 'n nasie dat die geldmag regeer en dat die enigste maatstaf dié van die rentekoers moet wees en nie die van die mynteringsysfers of die uitputting van die gesondheid van die volksgenote wat deur hul arbeid daardie rente moet verskaf? Die vraag beantwoord hom self; natuurlik is dit nie in belang van 'n nasie dat die rente van 1945 swaarder moet weeg as die jare van myntering wat daarop gaan volg nie.

Dus bots die belange van die kapitalisme en die van die volk, d.w.s. die nasionalisme!

Maar dan kan ons nie meer praat van die internasionalisme van die kapitalisme; dan moet ons die kind by sy naam noem en sê die antinasionalisme van die kapitalisme.

Met ander woorde, nasionalisme en kapitalisme is twee strydige terme. Die goeie nasionalis moet noodwendig streef om die geldmag of in die nasionale belang in te skakel of anders die geldmag heeltemal uit te skakel. Altyd moet die geld die dienaar bly en die mens die baas. Vandag weet elkeen dat jy mense met geld kan breek maar jy kan nie geld met mense breek nie.

Dan hoef ons nie meer te vra wie die baas is nie.

SIELLOOS

Ons het gesê dat die kapitalisme in die eerste plek internasionaal (eintlik: anti-nasionaal) is. In die tweede plek is hy sielloos.

Hy ken geen morele of ander besware nie. Hy ken net die strewe na die grotere konsentrasie van mag . . . wat hy uit

like ooreenkoms daar, bring vanself nog geen oplossing nie. Dit is selfs te betwyfel of so'n ooreenkoms uitgevoer sal kan word in geval van 'n verkiesing, tensy die kandidaat besluit om teen sy partyleiding te rebelleer, want laasgenoemde hou nog steeds 'n dokument vir ondertekening aan sy kandidaat voor waarvolgens hulle onderneem om „geen ooreenkoms of verstandhouding van enige aard” met ander organisasies te hê met betrekking tot hul kandidaatstelling nie.

Ons glo egter dat waar die mindere leiers en gewone lede nou self die voortou begin neem om die volksbreuk te herstel, dit nie meer lank sal duur voordat ook die leiers self tot optrede gedwing sal word nie. Die volk sal beslis nie nog 'n verkiesing verdeeld wi lingua nie — nie wanneer soveel lewensbelangrike sake op die spel is nie.

Kapitalisme Ondergraaf Volksbelang

die hande van die kleinbesitters moet pluik. Al maak hy daardeur die bloeiende land deur rooibou tot 'n woestyn . . . dit raak hom nie. Al belas hy daardeur die land met 'n vreemde en onoplosbare probleem, deur vanaf 1860 skeepsloadings Asië in te voer in die strewe om in die jaar 1876 of 1891 of wat ook al 'n 23 pst. dividend te betaal . . . dit raak hom nie. Dat die

O.B.-Beleid

kinders van die volk veertig, vyftig jaar later by dieselfde Asië moet gaan werk soek om te kan leef . . . dit raak hom nie. Net daardie dividend in 1876 of wat ook al, het hom geraak. Dit het hom in staat gestel om die aandeel in daardie Natalse suikermole destyds nog beter te verkoop aan 'n ander kapitalis, wat dan nog meer Koelies gaan invoer, om sodoende die 23 persent op te dryf na 33 persent . . . en die Asië-probleem nog erger te maak.

NIE GOUDMYNE

Ons het voorheen gesê dat alles van die uitgangspunt afhang en dat die uitgangspunt van die Ossewabrandwag is dat die waardevolste bate wat 'n volk het, nie sy goudmyne of fabriek of wat ook al is nie, maar sy volksgenote self.

Hierdie stelling bots lynreg en onversoenlik met dié van die kapitalisme, waar die uitgangspunt die beheer van die kapitaal oor die mens is, en waar die volksgenoot as sodanig glad nie bestaan nie. As hy gereken word, dan is dit net as 'n arbeider, wat teen die goedkoopste loon beding moet word, of as 'n koper wat teen die duurste prys moet koop . . . of as 'n mededinger wat onskadelik gemaak moet word.

In hierdie gees het die Ossewabrandwag konsekwent anti-kapitalisties opgetree.

Ons is eenhonderd persent vir die afskaffing van hierdie kapitalistiese stelsel en vir die bestryding van die godlose en raslose kommunisme — daardie Joodse wangedrog — deur 'n volksele sosialisme.

Ons sien die redding van ons volk in nasionalisme wat sosiaal is en in sosialisme wat nasionaal is.

Huise en Beloftes

Die behuisingsprobleem bestaan reeds langer as 50 jaar in Suid-Afrika en elk van die drie oorloë het die toestand vererger, het kapt. S. H. Kemp, lid van die nasionale behuisingskommissie in Pretoria verklaar. Die beloftes wat gemaak is, is verbreek en die soldate het 'n regmatige grief teen die regering. Niemand kan ontken, het hy verklaar, dat daar baie meer gedoen kon gewees het nie.

Jode Dreig Met Aanslag op Bevin

Veertien Joodse terroriste wat tans in Frankryk voortvluggend is en deur die Franse polisie gesoek word, het gesweer dat hulle die Britse minister Bevin om die lewe sal bring.

Strengte voorsorgmaatreëls is by die hotel waar die Britse afvaardiging tuis is, getref, om te verhoed dat die terroriste die lede van die Britse afvaardiging vermoor. Alle pakkies wat aan die Britse afgevaardigdes gestuur word, word eers deur die Franse speurdiens oopgemaak voordat hulle afgelewer word.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERERS

GROOT VOLKSFEES

TE BRITS
SATERDAG, 7 SEPTEMBER 1946
vanaf 10-uur v.m.

TER HERDENKING AAN DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK 1938, WAARUIT DIE OSSEWABRANDWAG, DIE VOLKSBEWEGING VAN DIE AFRIKANERDOM, GEBORE IS.

Spreek:

DR. J. F. J. VAN RENSBURG
(Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag)
Kom vier saam met ons fees en wees weer een
soos in die onvergeetlike 1938

O.B.-VERGADERINGS.

DR. J. F. J. VAN RENSBURG,

die Kommandant-Generaal, besoek Noord-Transvaal:

ALLDAYS: 12 Sept. 1946. Funksie begin 10-uur v.m. Toespraak K.G. 2-uur n.m.
LOUIS TIGCHARDT: 13 Sept. 1946. Funksie begin 10-uur v.m. Toespraak K.G. 8-uur n.m. Gedurende die dag sal daar boeresport wees, soos jukskel, volkspele, ens.
GROOT SPELONKEN: 14 Sept. 1946. Funksie begin 10-uur v.m. Toespraak K.G. half-twee n.m.
IZANEEN: 14 Sept. 1946. Funksie begin 10-uur v.m. Toespraak K.G. 8-uur n.m.
KOM LUISTER NA DIE KOMMANDANT-GENERAAL EN ONDERSTEUN ONS FONDSAG-FUNKSIES.

28/8/2B

Op die Pad van Suid-Afrika

STELLENBOSCH — C.S.V.-Saal, 7 September. Bespreek by C.S.V.-Boekhandel.
FAARL — C.J.V.-Saal, 14 September.
KAAPSTAD — Hofmeyr-Saal, 21 September. Bespreek by Kamer 605, Groote Kerkgebou (Vriendskap-Sentrum).

Toegang: Volwassenes 2/8; Studente 2/-; Kinders 1/6 (belasting ingesluit).

Word opgevoer deur

DIE BOEREJEUG (Kaapstad-Sentraal en
DIE O.B.-BLAASORKES (Kaapstad)

ELKE AFRIKANER BEHOORT DIT BY TE WOON!

Moskou Probeer om Oorlogspropaganda Te Likwideer

Die oorlog het nie net nuwe uitbreidingsmoontlikhede vir Rusland gebring nie, maar ook nuwe binnelandse vraagstukke. Russe wat 'n leeftyd lank nooit iets goeds van die buitewêreld verneem het nie, het as soldate in aanraking gekom met 'n beskaving waar horlosies, vulpenne en skoene nie net die weeldebesit van die hoogste amptenare van die staat is nie, maar noodsaaklike besit van die gewone burger.

Die Russiese oorlogspropaganda, wat in sy hoë nood moes terugval op die nasionale en godsdienstige aspirasies van die Russiese volk, het ook die opstanding beteken van die kommunisme se grootste teenvoetters.

En hierdie ontnugtering van 'n slawevolk enersyds en die geestelike herontwaking andersyds het woelinge aan die werk gesit wat die Kremlin met diepe besorgdheid bejeen.

Gedurende Mei hierdie jaar het die Russiese regering 'n kommunistiese komitee dwarsdeur die gebied gestuur om ondersoek in te stel na die vraagstuk van beveiliging van die bolsjewistiese diktatuur. Sy lede het bestaan uit verteenwoordigers van die politieburo en die geheime polisie. Waar hy gekom het, het hy dodelik verskrikte kommunistiese ampsdraers nagelaat. By sy terugkeer in Moskou is suiwerings begin dwarsdeur Rusland en besette Europa.

LITWINOF

Die eerste slagoffer was die minister van nywerheid in Joego-Slawië, beskryf as diktator Tito se regterhand. Daarna het talle ander amptenare gevolg onder wie die bekende Litwinof, onderminister van buitelandse sake, en voor die oorlog Rusland se belangrikste verteenwoordiger op internasionale konferensies — die Molotof van toe.

Die sentrale komitee van die Kommunistiese Party in die Ukraine het aangekondig dat meer as die helfte van die party- en nywerheidsamptenare van hul poste onthef is. Soveel as 91 persent van die distriksvoorsitters is ontslaan.

Gepaard met hierdie „likwidering” van amptenare het 'n hewige persaanval gegaan op allerlei misbruike waaraan die betrokke persone hulle sou

skuldig gemaak het. Hulle sou boeke verduister het ten einde hoër bonusse aan hulself te laat toekom en die produksie van noodsaaklike goedere vertraag het, ens., ens.

Ook die skrywers het aan die pen gery tesame met tydskrifte wat hul werke gepubliseer het. 'n Dekreet is uitgevaardig waarin die „onvoorwaardelike likwidering van foute” geëis word. Die skrywers is beskuldig dat hulle „nasionalistiese ideologie” en „ideologiese dwalinge” verkondig het.

Dit het diegene dus deerlik berou wat die inspanning van nasionalisme en godsdienste voor die bolsjewistiese oorlogswaens in 'n ernstige lig opgeneem en gehoop het om daarmee in vrede voort te gaan.

£230 Ingesamel Op Malmesbury

Onder die besielende leiding van komde. C. F. Lombard en komde. E. L. Steyn, het die vroue- en manne-kommando van Malmesbury vanjaar weer skitterend gepresteer met O.B.-dag, wat op 9 Augustus in die stadsaal gehou is. Die pragtige bedrag van ongeveer £230 is ingesamel, wat aansienlik hoër is as verlede jaar se opbrengs.

Die funksie is gedurende die dag in die vorm van 'n basaar gehou, en ondanks die reën en koue was die ondersteuning goed. In die aand is 'n vergadering in die stadsaal gehou onder leiding van genl. Moorrees van Aarde, wat toespraak is deur die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith.

Mev. Lombard met haar hardwerkende offisiere en brandwagte verdien alle lof vir die pragtige resultaat. Deur aanhoudende werk dwarsdeur die jaar, is die groot opbrengs moontlik gemaak. Die kommandante het haar dank uitgespreek teenoor haar ywerige helpsters.

Tarzan van Die Bokke



Hierdie seun is kort gelede deur 'n jagparty in die Transjordaniese woestyn tussen 'n klomp wildsbokke gevang. Na beweer word het hy net so vinnig soos die bokke gehardloop en die motor wat hom agterna gesit het, het teen 'n snelheid van 50 myl per uur gejaag. Hy eet niks anders as gras nie, en die enigste geluide wat hy maak is dié van die wildsbokke. Hy verkeer tans onder observasie in die Damaskus-hospitaal. Die vermoede is dat hy heel klein deur sy moeder verlaat en deur die bokke aangeneem is.

Duitse Fabrieke Vervaardig Vir Russe Wapens

Rusland is besig om met die hulp van Duitse tegnici nuwe V-wapens in die Russies-besette gebied van Duitsland te vervaardig. Dit word gedoen in 'n aantal voormalige Duitse oorlogsfabrieke. Verklaar word dat hierdie fabrieke op die hoogs moontlike kerf werk.

Daar word swaar wapentuig, waaronder 'n nuwe kragvuurpyl, die V-4, spesiale spuitvliegtuie, vuurpylbrandstof vir V-wapens en duikboot-onderdele in minstens tien Duitse fabrieke gemaak. Die Russe laat geen ondersoek van die Geallieerdes by hierdie fabrieke toe nie.

BESPROEINGSKEMA VIR VRYSTAAT. — Die regering is van voorneme om groot besproeiingswerke, geskoei op die leas van die Tennessee-Vallei in Amerika, in die Vrystaat tot stand te bring. Die Minister van Lande het aangekondig dat groot verandering in die Vrystaat op die landbougebied sal plaasvind as gevolg van dié planne. Groot besproeiingswerke en strekbeplanning sal aangepak word. Daar sal oral groot damme gebou word. 'n Begin sal gemaak word om skemas by die Vet- en Sandrivier aan te pak. Daarop sal damme by die Riet-, Caledon- en Modderivier gebou word. Deur hierdie damme sal meer as 'n miljoen morg grond onder besproeiing gebring kan word.

Voedsel Weggesteek In Hoenderhokke

Die polisie en voedselinspekteurs het verlede week drasties opgetree aan die Rand teen winkeliers wat skaars voedselsoorte opgegaar het. Die klopjag is uitgevoer op die inisiatief van die adjunk-voedselkontroleur, mnr. Jack Gibson. Nege-en-veertig winkels was aan klopjagte onderhewig en daar is op groot hoeveelhede voedsel waaraan 'n tekort in die land bestaan, beslag gelê, o.a. verbode produkte soos melierys en wit meliemeel.

Die artikels is weggesteek gevind onder toonbanke, in slaapkamers onder beddens, en selfs in hoenderhokke. Party van die voedsel was op baie ongesonde plekke weggesteek. Onder meer was daar rys, suiker, melk, seep, vet, kerse, kookolie, meelblom, koringsemels weggesteek.

Die klopjagte is hoofsaaklik in natuurlike-woonbuurtes gedoen.

O.B. SENTRUM, PAARL

Die Vroue-Kommando, Paarl, is in kennis gestel dat die O.B.-Vriendskapsentrum in Dwars-in-die-Weg, nie meer tot hulle beskikking sal wees nie.

LET WEL. — Vrydag, 18 Okt. open ons weer in die ruim Skoolgebou agter die Duitse Kerk uit Meulstraat. Elke Vrydagnamiddag en Saterdagoggend is die Sentrum oop vir lede en besoekers.

Stuur Nuisberigte

Die redaksie wil die verskillende kommando's wat nog nie 'n korrespondent vir Die O.B. benoem het nie, versoek om dit sonder versuim te doen. Hierdie korrespondente sal verantwoordelik wees vir die aanstuur van berigte oor kommando-bedrywighede ens. Dit moet die redaksie so spoedig moontlik nadat funksies plaasgevind het, bereik.

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV RETIEF

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria 130 Takke

VIE VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy.Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takantore: Bellville, Strand en Wynberg.

Stowwe Stowwe

SOOS MIN vir MANS

gemaak deur

'N SNYER SOOS MIN

VAN ZYLS

Hoofweg — PAARL

VOLKSKAS BEPERK

Kantoor van die Hoofbestuurder,

Sentraalstraat,

PRETORIA.

14 Augustus 1946.

Kennisgewing aan Aandeelhouders


Die Direksie het genoeë om bekend te maak dat by geleentheid van die twaalfde jaarlikse algemene ledevergadering, besluit is om 'n diwidend van 5% (vyf persent) op gestorte kapitaal uit te keer ten opsigte van die boekjaar geëindig 31 Maart 1946, aan aandeelhouders op gemelde datum in die boeke van die Maatskappy geregistreer.

Diwidendtjeks word vandag in die pos gedoen.

Is u jongste adresverandering al aan die Bank opgegeef?

J. J. BOSMAN,

Hoofbestuurder.
5264-2



SUKSES IN U STUDIEKURSUS.

SUKSES IN U EKSAMENS.

SUKSES IN U LOOPBAAN.

GEWAARBORG deur

DIE BESTE, EENVOUDIGSTE, en GOEDKOOPSTE KORRESPONDENSIELESSE.

MODELANTWOORDE op EKSAMENVRAE.

Skryf onmiddellik aan:

DIE SEKRETARIS

Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

• Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

• DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

• Uit klein akkers spruit groot bome . . .

• Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huisfondelle Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwenssing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2 1/2 d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBOORTE

NEETHLING. — Aan Nick en Bess (nee Rabie) van „Unika-Meubels“, Die Paarl, (voorteen waskaptein, Observatory), 'n weigekappe eersteelingseun op 25 Augustus. Naas die Heer, ons dank aan dokter en verpleegsters.

VERLOWING

DANNHAUSER — VAN ROOYEN. — Ons twee, Nantie, dogter van genl. en komde. Dannhauser van Helpmekear, Natal, en Inus, seun van mnr. en mev. C. J. van Roooyen van Seven Oaks, Natal, maak bekend dat ons verloof is.

GERBER — VAN ROOYEN. — Ons twee, Christiaan, oudste seun van mnr. en mevr. A. H. Gerber, Knysna, en Corrie, tweede oudste dogter van mnr. en mevr. Ignatius van Roooyen, Knysna, wens aan vriende en familie bekend te maak dat ons op 31 Augustus verloof geraak het.

HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse Koffiebus (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, boflike en doeltreffende diens.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

G.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIGENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

AGENTSAPPE

Interprovinsiale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad. Telefrafiese adres: „Interpro“. Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaaers en verteenwoordig plattelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkopings en inkopings van enige aard in die buiteland. 5603/52

ALGEMENE HANDELAARS

COETZER SE WINKEL H/v. Merimman en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babakleriasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

OOSTELIKE WINKELS.

— Besoek ons by elke nuwe perseel. H/v Adderley en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

BELANGRIK VIR DAMES

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. Kom na ons vir deilige jasse, Romax Snyerspakke. Trick tweestuk rokke. Ook troutabberds word gemaak na mate.

BETREKING VAKANT

GERWALFISEERDE MOTORWERKTUIGKUNDIGE BENODIG. — Meld ouderdom, getroude of ongetroude, onderwinding en vroegste datum waarop diens aanvaar kan word. Salaries f8 per week, lewenskoste-toelae ingesluit. Goie vooruitsigte vir die regte persoon. — **BONNIEVALE GARAGE**, Posbus 35, BONNIEVALE. 28/8/4B

BERWAME kok, huishoudster asook bekwame hulp vir huiswerk, 1 Oktober. Meld onderwinding en ouderdom. Skryf vir besonderhede, en sluit getuigskrifte in. aan **VAN ZYL**, Lochielweg, RONDEBOSCH. 4/9/3

BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT se vars ingevoerde Groente en Bloemads het ons aangekom en verskeer hoe en super gehalte resultate. Skryf om Pryslys en bestel u voorrade nou vir hierdie voorjaar! Ekste plat kring Boerpampoen saad spesiaal uitgesoek, ongegewaard vir mark en huisgebruik, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Tom Watson Waaitemoen, 2/6 per ons, 17/6 per lb. Nante ingevoerde suiker-soet Wortelsaad, 3/- per ons, 25/- per lb. Copenhagen Mark en Enkhuysen Glory Koolsaad vir mark en huishuys, 2/6 per ons, 22/6 per lb. Viroflay Vitamine Spinasse, 2/6 per 1/4 lb. Mastodon Jumbo reusagtige Amerikaanse gesigkies in verskeidenheid van kleure, 2/6 en 5/- per pakkie. Blackmore en Langdon Super Delphiniums, 2/6 en 5/- per pakkie. Kontant of deposito moet bestelling vergesel. Voeg 2/- by vir pak en posgeld. — **HERHOLDT'S**, Posbus 660, JOHANNESBURG. 28/8/4

TEF. — Goie gebaalde ongedorste tef f5 per ton. Gedors (strooi heel) gebaal f4-10-0. Tefsaad 95% ontkieming, 98.15% skoon. Vry van uitlijns en suring teen f3 in dubbelsakke gelewer op Meadows, O.V.S. — **M. VAN TONDER, MEADOWS**.

ELEKTRISO (EDMS.) BPK. — Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekkerweg 39, Bellville. Ons doen ankerwikkling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draad-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9-7223. 5564-1

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL**, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddena, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voortrërs. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 268, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde klierse werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: **AFRIKAANSE AGENTE**, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7297/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n epte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Kumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: **ANDREWS SE PYNPLEISTERS**, Posbus 775, Pretoria.

BLV JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wereldwonder teen gryshaar waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: **BOEREGENEESMIDDELS**, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

HORLOSIEMAKERS

Vir horlosiereparasies spreek **STEIN** en **SWART**, Posbus 5531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5596

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS**, Kerkstraat 63, Kaapstad. Foon 2-5454.

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Elenaar J. W. Brummer) Foon 1141. Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

HUURMOTORS

Altyd tot u diens! Vir betroubare Huurmotorsien by 322, J. MULLER, Ruststraat 18, OUDTSHOORN. 5253-4.

KLEREMAKERS

STEYN en **SWART**, voorlopig b/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eerste klas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

LEERWERK

AFRIKANERS! Bestel u briedetasse, musieksakke, inkoopakke, skoolsakke, dameshandsakke, notebouers en baie ander epte leerartikels van oud-politieke kevanes. Prysse en navrae: R. LOOTS, Bus 31, CULLINAN. 5278

MEUBELS

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotte- en Klat-Meubels, regstreeks van **ANDRIES MAREE** se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprysse. — Navrae: **ONS BOERE-MEUBELWINKEL**, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotte.“ Tel. 136.

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteitsmeubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

MISSTOWWE

KARROO KRAALNIS MEEL: Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen f11/17/6 per ton, of f11/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen f2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

PATATKRANKE

PATATKRANKE. — Sesmaande, 7/- vir 80 pond, Driemaande 6/6 vir 40 pond, 8/- vir 1,000, sesmaande, driemaande, wit- en borrelsteggies. K.M.B. Gelewer Serpentine Syllyn. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER**, (C. seun), Ollantshoek, P.K. Hoekwyl, GEORGE. 5609TK

PATATKRANKE. — Bestel dadelik om teurstelling te voorkom! Sesmaande 7/- vir 80 pond, driemaande wit 7/- vir 40 pond, borrie- en witsteggies, 10/- per 1,000. V.O.S. Serpentine. — **P. J. GERBER**, C/sn., Hoekwyl, GEORGE. 5275

PATATKRANKE. — Sesmaande patatranksteggies, 9/- per 1,000. Wit en Borrie 10/- per 1,000. — **H. ROELOFSE**, P/s Serpentine, GEORGE. 5598TK

PATATKRANKSTEGGIES: Tevredenheid gewaarborg. Goeie gehalte, 10/6 per duisend (1000), 6 maande, wit driemaande en borrie. K.M.B. — **S. P. GERBER**, Possak Serpentine, Distrik George. 5568

PLUIMVEE

DAGOUDE KUIKENS van allerbeste bloedgetoetste rasse. Suiwer rasse f7, kruise f6-10-0 per 100. Australorps, R.I.R., Leghorns, Pekin en Rouen broeiers 7/6 per broeisel. Skryf aan: **Dr. VAN DER MERWE**, Posbus 36, Bellville. 5233-4

ERA PLUIMVEEPLAAS bied aan vir September en Oktober aflewering: Opregte B.W.D.- en Tifusvry dag-oud R.I.R. en W.L. Kuikens teen f6 per 100. E. R. ADCOCK, Posbus 1134, Pretoria. 21/8/5B

KUIKENS. — **JOHN. J. COETZER**, DIE WOLWAS, WINBURG, O.V.S. boek kuikens vir OKTOBER en NOVEMBER-aflewering. R.I.R.E.DS, SWART AUSTRALORPS en WIT LEGHORNS. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeiassies, gewaarborg vry van B.W.D. en Hoender-tifus. Prys f5-10-0 per 100. 14/8/6B

PUK KUIKENS. — Australorps, Leghorns en kruis teen f6 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeisplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

TE KOOP AANGEBIED

BOKWA. — Sterk, 18 vt. lank, so goed as nuut. Gelewer Philippolis-weg. Prys f65. — **J. H. VAN DER WALT**, Rooipaan, oor Witvulpstroom. 5251-2

DE LUXE WINDLAAT-TOESTELLE. — Ons bied die „Super de Luxe“ 6 volts model aan teen f10-10-0. 12 volts „Heavy Duty“ 225 watts, teen f21. 32 volts, 500 watts, f38-10-0. Hidrometers, 5/-; Batterijkone, 2/4 per paar. Posvry. — **SLATERS**, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

FIETS ONDERDELE. — Vrywelkamratte 5/-; Terugtrap-buste 25/-; Agterwiel-buste 6/6; Driespoed-buste 37/6; Rubber Handvatsels 1/10 per paar; Rubber Pedale 7/6 per paar; Kettings 4/8; Binnebande (26 x 2) 3/9; (28 x 1 1/2) en enige ander grootte 3/6; Voor en Agter Asse 2/6 elk; Spysenietjies (Cotter Pins) 6d. elk. Elektriese Lampe met Dinamos, 25/- elk. Alles posvry. — **SLATERS**, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

GRASSNYSERS. — Ons bied aan die epte „Qualcast“ grassnyer, gemaak in Engeland, 14 dm. lemme, teen f4-19-6. Gwaarborg. — **SLATERS**, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/2

LAMPKAPPE vir Aladdin 2/8 elk, vir „Coleman“ tafellampe, 6/3 dos., vir „Coleman“ Lanterns 7/3 dos.; vir „Tilley“ lampe 8/3 dos.; vir „Primus Optimus Radius“ (Single tie) 7/3. Posgeld 4d. vir elke dosyn. Ons het alle „Coleman“ parte, insluitende dinamos. — **SLATERS**, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/4

MANELPAK. — Tweedehandse manelpak, goeie materiaal, nie verbleik, f10. Kontant of K.B.A. Elenaar 5 vt. 10 dm. hoog, gesonde man, uit diens getree. Skryf aan: **Mev. S. W. LE ROUX**, Posbus 5, Barrydale, K.P. 5276

MECCANOSTELLE. No. 6, 8/8, No. 1, 13/-, No. 2, 17/-, No. 3, 25/-, No. 4, 36/-, No. 5, 50/-. Hierdie boustelle hou die jong seuns bezig. Daar is so baie interessante dinge wat hul kan boei met die stelle. 'n Ideale geskenk! — **SLATERS**, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/2

MONDELUITJES. — Ons bied aan die epte Amerikaanse „Magneus“ mondfluitjies in verskeie kleure teen 7/6 elk. Posvry. Hierdie mondfluitjies het 'n uitstekende klank. — **SLATERS**, Northstraat, OOS-LONDEN. 4/9/2

ROOI POENSKOPPE (Red Polls), as u 'n eerste klas dubbeldoo-Rooi Poenskop-bul soek: Dunbar-stoet het geregtigder bulle van hoë gehalte. Almal goedkeure. Te koop teen redelike prysse. — Om besonderhede skryf aan of besoek: **ENSLIN**, Pk. Gloria, Middeburg, Transvaal. 21/8/4

SPANPAALTJES (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Gelewer Wolsleystrasse. — **L. BIELDT**, Meulstraat, Wolsley. Foon 24. 4877/52

TAFFEL-AARTAPPELS. — Heerlike, vars, gesonde Up-to-date Tafel-aartappels teen 34/- per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

TE KOOP. — Amerikaanse Boomangere Vler pragsoorde: wit met ligrooi-streepies, 5/- per dosyn; ligrooi met rooi, 12/6; rooikleurig met rooi, 7/6; bloedrooi, 20/-. Drie van elk teen 12/-. — **S. C. STANDER**, Bus 20, TZANEEN. 28/8/4B

VARKE. — Drie „Duroc Jersey“ varkbeertjies, ongeveer twee maande oud. Ouers prysweners. Koper stuur bok na Kriegerstasie (K.P.). Prys f3-10-0 op my stasie. — **H. C. DE WET**, Kralen, RIVERSONDEREND.

TE KOOP GEVRA

RENE. — Die voorsiening van beemmel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit onder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of syllyn. Dit is noodsaaklik dat slysbriewe reus moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Lees sake word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beemmel. — **S.A. HUNT REENMEEL- EN KUNSMIS-MATSKAPPY**, Warrenton.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

Cestoei oor Vrede Duur Voort

Die vredeskonferensie in Parys ontlaad al meer in 'n wilde gestoei tussen Oos en Wes. Verlede week is die oproerigste tonele afgespeel toe die afgevaardigdes in 'n warboel teen mekaar geskreu en gerasa het. Daar was soms tot twintig tegelyk op die been. Dit het gebeur nadat Molotof en die verteenwoordiger van Joego-Slawië beswaar gemaak het teen 'n voorstel van Griekeland oor grensreelings met Albanië.

Inmiddels begin Amerika militêre krag by sy argumente te voeg. 'n Sterk Amerikaanse vlootafdeling het verlede week na Griekeland vertrek op 'n welwillendheidsbesoek.

Die konferensie wat oor die lot van die hele mensdom moet beslis, het na 'n sitting van meer as 'n maand nog nie daarin geslaag om verder te kom as hewige woordewisselings en beskuldigings nie.

Dat die afgevaardigdes begin moeg word vir die agressiewe en remmende houding van die bolsjewiste, blyk uit die woorde van die Australiese afgevaardigde, J. A. Beasley. „Geen afgevaardigde het die werk van die komitee meer vertraag as die Russiese afgevaardigde nie. Dit moet 'n duisend keer gesê word sodat die publiek kan weet wat ons alles hier moet verdra.


„Die vrees in Europa word verskerp deur die taktiek van die Russiese afvaardiging om sy vuur in elkeen se keel af te druk wat meer inligting wil hê oor die werk wat hulle by hierdie konferensie moet doen. In baie van die verklarings aan die konferensie gedoen is talle leuens verkondig en Australië wil die waarheid hê as dit te verkry is,“ het hy onder byval verklaar.

VAKANSIE-OORDE

VERGENOEGD. RIVERSDAL. Die Vir 'n genotvolle vakansie kom na ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes. Billike terme. — Doen aansoek: **MEV. A. BADENHORST**. 31/7-12/9

WYNE

VYF GELLING Muscadet-Bleue f2 12s. 6d.; anker f3. 17s. 6d.; 5 gelling Roof of Wit Muscadet, Jerpigo of Beste Ou Port f2 2s. 6d.; anker f3 2s.; 5 gelling Roof Soet Muscadet f2; anker f2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hoek. Soet Sjerrie of Half-soet Muscadet f1 15s.; anker f2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonneviale-stasie. Vaaftjies moet teruggestuur word. — **J. C. JONKER**, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE. K.P.



JOHAN HEFER

SPIERE SENUWEES SOOS STAAL VIR IEDEREEN

Vul hier in en pos aan:

DIE HEFER-INSTITUUT VIR GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING.

Posbus 3494, KAAPSTAD.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u Liggaamsontwikkeling-Kursus.

Naam

Adres

.....

.....

Ouderdom

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Vir die Vroue

Drink Meer Melk

Melk is die volmaakste voedsel wat aan ons gegee is. Dis die eerste voedsel van soogdiere: klein hondjies, varkies, lammers, kalfies en babas verdubbel hul gewig in 9, 14, 15, 47 en 120 dae respektiewelik op 'n diët wat hoofsaaklik uit melk bestaan. Hieruit kan ons aflei dat melk uitnemend in staat is om spier- en beenweefsel te reguleer; daarom is dit nie slegs vir die baba 'n uitstekende voedsel nie, maar behoort dit 'n belangrike plek in te neem in die diët van oud en jonk, ryk en arm.

Bespaar u op melk?

Dis verbasend dat melk die eerste item is waarop bespaar word as uitgawes om een of ander rede ingekort moet word — daarna volg vrugte en groente. Is dit nie 'n duidelike bewys dat ons nog maar min besef van voedingswaarde het nie? Gewoonlik bespaar mense ook liever op voedsel as op klere en vermaaklikhede en dit ten spyte daarvan dat voedsel die mens se noodsaaklikste behoefte is.

'n Vooraanstaande voedsel-deskundige het onlangs verklaar: Ons bewys onself so 'n groot weldaad deur melk te drink dat dit ongelooflik klink dat enigiemand gesoebat moet word om dit te doen." En tog is daar seker baie min huisgesinne waar daar die regte hoeveelheid melk verbruik word: nie alleen op die lae inkomste nie maar ook op die gemiddelde en hoë inkomste is ons maar altyd te geneig om met die absolute minimum hoeveelheid melk klaar te kom. Groot gesinne met groeiende kinders wie se gestelle hunker na melk, is tevrede met 'n karige een of twee pinte per dag: net genoeg vir tee en koffie en niemand in die huis sien ooit 'n glas melk nie, wat nog te sê drink dit!

Dis 'n misdaad teenoor 'n groeiende kind om hom te onthou van melk — sy gestel het dit nodig en hy sal later in sy lewe boet vir u nalatigheid en sorgeloosheid. Net so min as wat 'n huis op 'n fondament van sand sal staan, kan u verwag dat 'n menslike liggaam gesond moet bly as dit tydens die periode van groei nie die regte hoeveelheid en kwaliteit voedsel gehad het om sterk en gesond te bou en 'n goeie weerstand teen siektes te verseker nie.

Hoeveel melk?

Dis nie souseer die hoeveelheid voedsel wat vir 'n groeiende kind van belang is nie — dis immers nie 'n kuns om sy honger magie vol pap of brood te stop nie — maar dis veral die kwaliteit of gehalte van die voedsel 'n Kind het twee pinte melk per dag nodig. Ja werklik, twee pinte. En kry elkeen van u kinders dit? Volwassenes behoort een pint per dag te drink, m.a.w. in 'n ge-

sin waar daar 'n vader en moeder met drie groeiende kinders is behoort 'n gelling melk daaglik verbruik te word.

En hoe maklik is dit nie om melk op allerlei manier in die diët in te sluit nie! Drink dit skoon, gebruik dit in drankke, in nageregte en roomys, in soep, geregte met 'n witsous-basis en selfs om groente of graanprodukte in gaar te maak.

Spandeer een vyfde op melk:

Met 'n gemiddelde inkomste behoort die melkrekening een vyfde van die voedseluitgawe te wees. As u verstandig en oordeelkundig koop. Gaan bietjie verlede maand se rekening na — was die melkrekening nie baie nader aan een tiende van u voedseluitgawe nie met glad te veel geld spandeer op vleis en kruidentersware.

As die uitgawes gesnoei moet word kan u liever probeer om afgeroomde melk te koop as om dit heeltemal uit te sny. Dis 'n groot fout om te dink dat afgeroomde melk geen voedingswaarde het nie — dit bevat al die waardevolle bestanddele van melk behalwe die vet en derhalwe is dit 'n ekonomiese voedsel waar spaarsaamheid beoefen moet word.

Waarom juis melk?

Melk is 'n uitstekende weefselbouer omdat dit sulke waardevolle proteïene van die beste kwaliteit bevat. Daarby is dit baie ekonomies want in vergelyking met ander proteïnevoedsels soos vleis, vis, kaas en eiers is melk die goedkoopste.

Die vet in melk (room) is nie alleen baie smaaklik nie maar dis in 'n baie fynverdeelde vorm en dus maklik verteerbaar. Melk bevat ook al die minerale en vitamines wat noodsaaklik is vir menslike gesondheid. Dis egter arm aan vitamine C, wat ons aantref in vars rou vrugte en groente, sowel as yster waaraan lewer, niertjies, vleis en eiers ryk is.

Deskundiges meen dat dit te wyte is aan 'n lewenslange diët laag in kalsium dat ou mense se bene so bros word en maklik breek. Hierdie gebrek is ook verantwoordelik vir die algemene verswakking en agteruitgang van mense se tande vandag. As die inname van melk te laag is, is dit feitlik onmoontlik om uit ander voedselsoorte genoeg kalsium, bouer van gesonde bene en tande, te kry.

Melk voorsien dus in byna al die voedingsstowwe wat die menslike liggaam nodig het en dus behoort dit gedurende die hele lewe 'n belangrike voedsel op die spyskaart te wees. Tussen hakies, melk se kalorie-waarde is baie laag en daarom hoef u nie bang te wees vir vet word as u baie melk drink nie!

Die suikeroes van boere in Zululand is die swakste sedert baie jare as gevolg van die heersende droogte. Verskeie boere sal 'n duisend ton minder as die vorige oes insamel. Boere wat verlede jaar 2,500 ton gekry het, ag hulle gelukkig as hulle vanjaar 500 ton sal oes.

Maak U Eie Meubel-Politoer

Is u afhanklik van gekoopte politoere en skoonmaakmiddels vir elke oppervlakte in die huis wat skoongemaak moet word? Die verstandige, spaarsame huisvrou maak ten minste een of twee politoere self en daardeur spaar sy nie alleen geweldig baie nie, maar kry sy net so 'n goeie, indien nie 'n beter, resultaat as haar buurvrou wat spog met winkelpreparate in aantreklike flessies met misleidende etikette nie.

'n Meubelpolitoer wat, enige tyd kan kompeteer met enige gekoopte politoer, kan u baie gou en maklik maak deur die volgende bestanddele te meng, in 'n bottel te hou en goed te skud voor gebruik:

- 1 Koppie brandspiritus
- 1 Koppie asyn
- 1 Koppie roulynolie
- 1 Koppie terpentyn

Elke bestanddeel het 'n bepaalde funksie in die politoer: Roulynolie voed die hout, terpentyn is 'n vetoplosmiddel en verwyder dus vetterigheid, brandspiritus gee 'n mooi glans en asyn maak skoon.

Stof meubels daaglik goed af en probeer dit elke week. Smeer die politoer dun aan en vryf blink met 'n sagte doek. Onthou dis die vryf wat blink maak en nie die hoeveelheid politoer wat u aansit nie!

Nie Meer Bokwiet

Mev. B. M. Gibson van Marquard skryf:

Ek wil graag onder die aandag van die brandwagte bring dat ek van nou af nie meer bestellings vir bokwiet-meel kan uitveer nie. Hier is nog 'n klompie bestellings op hande van kommando's wat hul funksies gedurende September hou. Hierdie bestellings sal nog uitgevoer word.

Dit was my 'n aangename taak om aan al die verskillende kommando's in die land pakkies te stuur. Daar het baie meer bestellings ingekom as wat ek ooit vermoed het. Ek het dit gedoen in diens van die Ossewa-brandwag.

PYNAPPELS EN GELATIEN

Die geur van pynappels is baie populêr. Gelatiengeregte is net so algemeen maar onthou dat rou pynappel en gelatien nie vriende is nie! Pynappel bevat 'n sekere ensiem (bromelien) wat die eienskap het dat dit proteïene oplos. Gelatien is 'n suiwer proteïen en daarom sal 'n kombinasie van gelatien en rou pynappel nooit styf word nie. Bromelien is egter gevoelig vir hitte en word vernietig as die pynappel gaargemaak word. U moet dus altyd of ingelegde pynappels gebruik, of die rou pynappel eers opkook voordat u dit in pynappel-gelatiengeregte gebruik.

VERJAARDAGKETTING

- 1 SEPT.: Hendrina Klue, George; Martha Prinsloo, Port Elizabeth; Andries van Vuuren, Grootdrink; Aletta Smit, Bellville; Christo Hechter, Kirkwood; Maria Weyers, Beaufort-Wes; Katrina Brits, Hottentotsrivier; Norman Swart, Groot-Brakrivier; Anna van Zyl, Waterkloof; Magdalena du Plessis, Boshok; J. Oosthuizen, Maricodraai; Hendrik van Jaarsveld, Mamagaleskraal; Tjaart Nordier, Pansdrift; Aletta de Jager, Boshok; Johan Rossouw, Aughrabies; Petrus Erasmus, Pietersburg.
- 2 SEPT.: Gertbreggie Liebenberg, Upington; Charel du Plessis, Sutherland; John van Rensburg, Leewkloof; Dorika van Heerden, Cradock; Johanna Jordaan, Groot-Brakrivier; Catharina Mostert, Bellville-Suid; Christiaan Botha, Wilgenhoutsdrift; Jacob Olivier, Frankfort; Gezina Vos, Rustenburg; Daniel Coetzee, Potchefstroom; Martha Venter, Potsdam; Lukas van Vuuren, Brits.
- 3 SEPT.: Sacharia Fourie, Lambrechtsdrift; Willem Bouwer, Kirkwood; A. Malan, Bellville; Moira de Fin, Malmesbury; Maria Engelbrecht, Albert; Marie Redelinghuys, Marchand; Cornelius Maas, Wilgenhoutsdrift; Louisa van Zyl, Wynberg; Constance Fouche, Stellenbosch; George Kruger, Koedoeskop.
- 4 SEPT.: Maria Tredoux, Tlervlei; Cornelia Muller, Sutherland; Izak Delpoort, Sheldonsstasie; Rienie Fouche, Klein Brakrivier; Hilda Burger, Brandvlei; Martha van Heerden, Vergevoed; Wimpie Botha Franschhoek; Johannes Celliers, Beaufort-Wes; Elise Brink, Rustenburg.
- 5 SEPTEMBER: Francoiz Botha, Windmeul; Hendrik Weldeman, Cradock; Johanna Burger, O'okiep; Magaretha le Roux, Goudini; Mercia Coetzee, Zastron; Geory Nieuwoudt; Annetjie Pauw, Wellington; Deboo Laas, Heidelberg; Gert Joubert, Boshokrand.
- 6 SEPTEMBER: Isa Nel, Pearston; Hendrika Heyns, Sutherland; Jan Jooste, Sutherland; Petrus Stephonus, Leeuwkloof; Gesina Westraad, Kirkwood; Annetjie Boshoff, Groot-Brakrivier; Aletta Schoeman, Bethlehem; Johannes Maree, Frankfort; Anna de Kock, Zoetdoorn; Magdalena Breidt, Boshok; Andries du Toit, Matrooster.
- 7 SEPTEMBER: Susara Louw, Marchand; Graham Langeveldt, Woodstock; Danie Roux, Franschhoek; Maggie Minnie, Aughrabies; Elizabeth van der Westhuizen, Loxton; C. Bronner, Maribogo; Iris Craill, Port Elizabeth; Johanna Genis, Nababeep; Andries Annandale, Robertson; Piet Erasmus, Frankfort.
- 8 SEPTEMBER: Esias van Rooyen, Stellenbosch; Seppie du Toit, Maribogo; Sybrand de Beer, Wilgenhoutsdrift; Etienne van Welligh, Paarl; Anna Nortjé, Gembokvlakte; Hendrik Molter, Legkraal; J. G. Vorster, Makoppa.
- 9 SEPTEMBER: Hettie Schoeman, Somers-Oos; Annelie Mostert, Durbanville; Snyman Snyman, Frankfort; Sophie Sauer, Ohriststad; Isabella Venter, Mamagaleskraal; J. Visser, Brits.
- 10 SEPTEMBER: Christoffel van Rensburg, Leeuwkloof; Eleonore Hugo, Moorreesburg; Wessel Badenhorst, O'okiep; Pieter van Rensburg, Woodstock; Johan du Preez, Cradock; Petrus Meyburgh, Cradock; Jacobus van Zyl, Paarl; Petronella de Beer, Soekmekaar; Johanna Breed, Mamagaleskraal; Petrus Kruger, Mamagaleskraal.
- 11 SEPTEMBER: Helena van Tonder, Noorder-Paarl; Gert Gouws, Port Elizabeth; Elizabeth de Wet, Beaufort-Wes; John Fourie, Observatory; Helena van Tonder, Paarl; Willem du Plessis, Ceres.

VRA INLYWING VAN S.W.A.— Die Unie-regering het versoek dat die kwessie van die inlywing van Suidwes by die Unie op die agenda van die tweede deel van die aanstaande sitting van die Algemene Vergadering van die V.V.O. geplaas moet word. Die volgende vergadering van die Algemene Raad begin op 23 September.

S.A. Noodhulpiga

Klasse in Tuisverpleging word gehou elke Woensdag-aand, vanaf 7 tot 9 n.m., in die

KOMITEEKAMER,

Groote Kerkgebou,

Parlementstr. — Kaapstad.

—
Sluit nou aan om 'n interessante en leersame kursus van die begin af te volg.

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

SKILFERS



MOENIE U AANTREKLIKHEID BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur

middel van

VOORSLAG-

SKILFERMIDDEL

4/- Posvry van

VOORTREKKER-APTEEK

Kerklaan — Kaapstad (1)

en MAITLANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN


ONS NUWE

Baadje- en Jumperpakke

van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.

Steyns

DIE MODEWINKEL
PAROW



GEKLEUR VIR

NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35

Foon 214

DIF PAARL

HUGENOOTSTASIE


(Goedere Halftarief)

- ★ WAS
- ★ KLEUR
- ★ DROOG-
- ★ SKOONMAAK

Funksies

Die Christiaan de Wet-kommando hou weer hul maandelikse funksie op Melkbosstrand, Saterdag, 7 September, om 8-uur n.m. Alle vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi.

VYFDE ATOOMBOM



Die magtige kolom water wat deur die vyfde atoombom, wat onder die oppervlakte ontplof het, vyfduisend voet die lug ingeslinger is tydens die proefneming by Bikini. Die skepe kan aan die voet van die paddastoel gesien word.

Engelse Blad Veroordeel Neurenberg-Verhoor VREES „JURIDIESE MOORD”

'n Skerp veroordeling van die Neurenbergse wraakverhoor word gedoen deur die Natal Witness wat dit betwyfel of die hof weens sy samestelling 'n onpartydige uitspraak sal kan gee of as afskrikking sal dien vir toekomstige agressie.

„Die verrigtinge in Neurenberg wat nou ten einde loop, sal sekerlik 'n belangrike plek inneem onder die dade van die kortstigte mensheid wat homself op die pad van verwoesting gestel het,” skryf die blad in 'n hoofartikel. By die eerste oogopslag mag so 'n stelling verbasend klink, word verklaar, want daar is nog baie mense wat dink dat daar groot resultate uit die veroordeling van die oorlogsmisdadigers sal voortspruit. Hulle verwag dat die veroordelings toekomstige leiers sal afskrik om aggressief op te tree, dat dit 'n internasionale sfeer met dieselfde regsbeginnels sal skep. Daar is ook nog mense wat glo dat reg en geregtigheid sal geskied, nie-taanstaande wat daar ook al gebeur.

„Die opvatting dat reg aan oortreders sal geskied wat ook al die gevolg mag wees, is op sigself 'n eerbare. Ongelukkig gee die Neurenberg-verhoor baie min steun hieraan. Die handhawing van die internasionale moraal alleen ten koste van die oorwonnene is gelykstaande aan die praktyk om die oorwonnene te straf slegs omdat hy verloor het. Geen drogredenering kan dit oortuigend verdedig as 'n vordering in die rigting van reg, moraal en beskaving nie. Dit sal waarskynlik die volkere 'n morele slag toedien en alle eerlike mense laat walg van die skynheiligheid van 'n sogenaamde poging om dit toe te pas.”

GEEN AFSKRIKKING

Die blad verklaar dat daar geen grond bestaan vir die gedagte dat die Neurenbergse verhoor onpartydige reg en geregtigheid in die volkerewêreld sal indra of dat dit staatsmanne in die toekoms sal afskrik om

agressie te pleeg nie. „Die ongegrondheid van laasgenoemde verwagting word elke dag gedemonstreer. Die vloed van regverdige verontwaardiging wat uit Neurenberg gevloei het, het nie verhoed dat ander moondhede 'n aggressiewe beleid gevolg het wat baie min van dié van die Nazis verskil nie. Al wat die Neurenbergse hof sal doen, is om staatsmanne meer subtiel, meer skynheilig en meer meedoënloos in hul internasionale strewe te maak.”

GEEN GERECHTIGHEID

Die verwagting dat die Neurenbergse hof geregtigheid op onpartydige wyse sal laat geskied, het alle grond verloor toe die Geallieerdes die hof saamgestel het soos hulle dit gedoen het, verklaar die blad.

„Enige sodanige hof moes bestaan het uit registers wat uit neutrale moondhede getrek is. As die Geallieerdes vertroue in hul saak gehad het, is daar geen denkbare rede waarom hulle van so 'n koers afgewyk het nie, en geen rede is nog aangegee waarom hulle dit nie gedoen het nie.”

„Wat sal mens daarvan dink as 'n man wat aangekla is van verraad, verhoor moet word deur 'n hof wat deur sy bitterste politieke vyande gekies is, mense wat op elke manier gepoog het om sy ondergang te bewerkstellig? Mens sal sy veroordeling as 'n juridiese moord bestempel, en of hy skuldig was of nie, sal almal daarmee saamstem dat die metode waarop hy veroordeel is, 'n skending is van die beginsels van die reg. Dit is nie anders in die geval van 'n internasionale hof nie. Deur 'n hof uitsluitend te benoem uit die drie bitterste vyande van

Nazisme, in plaas van 'n onpartydige of werklik internasionale hof, het die oorwinnaars die geleentheid om 'n onvervalste volkerereg daar te stel, laat verbygaan. Dit is die bittere vrugte van Neurenberg,” besluit die blad.

Kwaai Gevoel Teen Jode

Die verhoor van die voormalige „Fascistiese leiers” in Europese lande het die haat teen die Jode laat toeneem, verklaar die blad Jewish Herald.

In Budapest het 'n skare van 2500 twee Jode wat op straat verskyn het, vermoor. In dieselfde stad het verwoede groepe mense die polisiekwartiere binnegedring en 'n Jood, Fraenkel, wat aan die hoof was van 'n ondersoek waarby sestien persone in hegtenis geneem is vir gewelddade teen Jode, vermoor. Die Hongaarse minister van binnelandse sake het verklaar dat indien die golf van haat teen die Jode voortduur, hy verplig sal wees om die hulp van die Rooi leër in te roep.

Berigte afkomstig uit Slowakye meld dat 'n vloedgolf van historiese haat teen die Jode wat in die hoofstad begin het, oor die hele land versprei. Verskeie koerante in die land moedig anti-Semitisme aan en handgranate word in die huise van Jode gegooi.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

„Invoer van Tommies Geen Oplossing” Soldate Teen Immigrasie

Die aankondiging van die regering dat hy die Unie se deur gaan oopgooi vir immigrante uit die Buiteland, val nie juis in die smaak van soldate wat al maande lank op huise wag en nog steeds met beloftes tevrede moet wees nie.

'n Soldaat wat vir die afgelope sewe maande in Kaapstad is, en vier jaar aktiewe diens in die Noorde en Italië gedoen het, is deur 'n verteenwoordiger van Die O.B. genader. „Ek is van Pretoria hierheen verplaas. Ek het onmiddellik nadat ek hier gekom het, navraag begin doen om 'n huis in die hande te kry. Ek het drie kinders en ons woon in 'n kamer bokant 'n garage.” Ons segsman vertel dat daar geen water aangelê is na die kamer nie en dat sy vrou elke dag die water vir huislike gebruik die trappe moet uitdra. Hulle bad in 'n aangrensende huis. „My vrou was ons skottelgoed op die balkon in die opelug, waar sy haar skaars kan draai. Dit dien as 'n kombuis. Jy weet daar bestaan 'n wet in die lewe dat mens eers vir selfbehoud sorg en dan dink jy aan 'n ander. As genl. Smuts na sewe maande nog nie vir my 'n huis kan gee nie, waar gaan hy sy immigrante huisves?”

„Ek is 'n Smutsman,” het 'n ander soldaat wat die rangtekens van 'n offisier dra, verklaar. „Toe genl. Smuts ons in die Noorde toegesprek het, het hy gesê dat hulle vir ons sal sorg as ons terugkom en dat ons nie bekommerd hoef te wees nie. Op die oomblik lyk dit my is hy meer bekommerd oor die baie mense wat in Engeland is en wat na Suid-Afrika wil kom. Ek soek nie meer 'n huis nie. Ek het reeds die hoop opgegee.”

GEEN OPLOSSING

'n Ander soldaat het verklaar: „Ek ken die Britse Tommies. Ons weet wat hulle is en het genoeg van hulle gehad. Nou wil die regering hulle in-

voer om hier te kom bly. Wat sal dit help om hulle in te voer om die swart gevaar uit te skakel? Vir hulle is 'n kaffer mos 'n mooi ding en hulle beskou hom as hul gelyke. Ek het dit met my eie oë gesien hoe hulle „pallie-pallie” in die strate van Londen loop.”

In die Engelse blaai verskyn ook heelwat briewe van oudsoldate wat beswaar maak teen grootskaalse immigrasie voordat beloftes teenoor hulle nagekom is. „Na al die baie valse beloftes wat gemaak is, het mens geen vertroue meer nie,” besluit 'n vrou in haar brief.

Russe Dra Tot Vloere Weg

Die Russe is besig om hul deel van Berlyn leeg te plunder en alles wat van waarde is na Rusland te vervoer. Selfs soorte bome wat hulle van besonder waarde ag word na Rusland weggevoer. Skilderye, standbeelde en ander waardevolle artikels is na Rusland gestuur waar die bome in Russiese botaniese tuine aangeplant sal word en die ander kunswerke gebruik sal word om Rusland te verfraai. Skilderye, historiese werke, monumente, pragtige houtwerk en talle ander artikels van waarde is uit die paleis van Frederick die Grote verwyder. Dieselfde lot het die Kanselarye in Berlyn getref. Alles van waarde is weggedra. Okkerneuthout-panele is sorgvuldig van die mure verwyder en na Moskou geneem. Ook die blink gevryfde vloere is uitgehaal en het Russiese eiendom geword.

Daar is 'n rede...

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde bank-sake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000



BANKIERS

HOOFKANTOOR:
PRETORIA.